## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 29 AUGUSTUS 2024 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JP Sass | : | Bestuurder: Finansiële State en Beheer |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mev. VK Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN035/08/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

Die Voorsitter deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

***

**BKN036/08/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste - afwesig met verlof

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat Speaker en Raadsheer Du Plooy *(albei Ex-officio)* afwesig is met verskoning, aangesien hulle by 'n terugvoerings-vergadering met die gemeenskap van Porterville is.

***

**BKN037/08/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteur: Tegniese Dienste en Direkteur Finansiële Dienste verklaar hul persoonlike belang by **BKN064.**

***

**BKN043/08/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Die Hoof: Behuisingsadministrasie stel die afvaardiging, Mnr. André September vanaf IX Engineers, aan die vergadering bekend. Addisionele inligting word gelewer deur die Uitvoerende Onderburgemeester.

Mnr. André September hou die voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor ter kennisname.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Voorsitter bedank die afvaardiging, Mnr. André September, vir sy voorlegging, waarna die afvaardiging die vergadering verlaat om 15:44.)***

**BKN038/08/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 16 JULIE 2024 EN DINSDAG 30 JULIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 16 Julie 2024 en Dinsdag 30 Julie 2024, bekragtig word.

***

**BKN039/08/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 16 JULIE 2024 EN DINSDAG 30 JULIE 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 16 Julie 2024 en Dinsdag 30 Julie 2024.

***

**BKN040/08/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Op navraag van Raadslid Daniels bevestig die Direkteur Finansiële Dienste dat die afvaardiging van INCA Portfolio Managers die Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Vrydag 30 Augustus 2024, gaan bywoon om 'n voorlegging aan die Raad voor te lê met betrekking tot langtermyn finansiële volhoubaarheid.

***

**BKN041/08/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer rakende Saak 1 op die Register van ongerymdhede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Uitvoerende Onderburgemeester by die Direkteur Gemeenskapsdienste moet uitvind rakende wanneer die herstel van die muur by Rhino Sportsgronde sal geskied.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Direksie en Komiteelede met spesifieke verwysing dat die moontlikheid ondersoek word om "Clearview" omheining by Rhino Sportsgronde te installeer.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN042/08/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens vir Raadsheer De Vries sterkte toe wat tans tuis aansterk na 'n operasie; en
- Sy wens vir die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite sterkte toe wat vir 'n mediese prosedure gaan en vir 2 weke op siekverlof sal wees.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings :

- Die Uitvoerende Burgemeester hou 'n paar videos voor rakende die sigwater-probleem in Piketberg tydens reënvlae met spesifieke verwysing na Gousblomstraat, Suikerkanstraat en Watsoniastraat waar water uitstroom, naby die begraafplaas, areas by die onderskeie sypaadjies waar water uitstroom, die nuwe gebied by Riemvasmaak, dat die sypaadjie bo Steynville Sekondêre skool gesak het, dat die oorstroom van water by die Steynville Sekondêre skool problematies is vir die omliggende huise. Dat Tegniese Dienste die nodige aandag aan bogenoemde gebiede gee; en
- Dat die nodige aandag aan potgate in die Bergrivier Munisipale area gegee moet word. Raadsheer De Vries bevestig dat die aangeleentheid na die Tegniese Dienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 05 September 2024, verwys is vir bespreking.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN044/08/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN045/08/2024**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in en versoek dat 'n bespreking gefasiliteer moet word by die gespreksessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 September 2024, rakende die kapitaalspandering.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN046/08/2024**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: FEEDBACK: SALARY AND WAGE NEGOTIATIONS 2024</u>**
**4/5/1**

Die Munisipale Bestuurder meld dat die item Terugvoer oor die Salarisonderhandelings as 'n In-Komitee item hanteer sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN047/08/2024**
**<u>ROLL-OVER ADJUSTMENT BUDGET 2024 / 2025</u>**
**5/1/2**
***(Die Oorrol Aanpassingsbegroting 2024 / 2025 word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die onderstaande kwessies word uitgelig en die volgende word besluit:</u>

- Dat die konsultant se geskatte kostes vir die toilette by Redelinghuys aan die Uitvoerende Burgemeester versprei word;
- Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die konsultante se kostebepaling / kwotasies wat duur is en versoek hy dat daar gebruik gemaak moet word van die onderskeie Boubeheerbeamptes vir die toekomstige projekte;
- Dat R140 000 verskuif word van die oorrol bedrag van R520 030,30 vir die bou van toilette by Redelinghuys om voorsiening te maak vir die aankoop van 'n voertuig vir die Uitvoerende Burgemeester se kantoor; en
- Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die kleedkamers en stadium by Watsonia Sportgronde wat onbruikbaar is. Hy meld dat dit 'n groot risiko vir Bergrivier Munisipaliteit is.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council approves the Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025 for the capital budget; and
2. That the Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025 for the operational budget be withdrawn from the Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025.

***

***(Die Bestuurder: Finansiële State en Beheer verlaat die vergadering om 16:52.)***

**BKN048/08/2024**
**MOONTLIKE HUUR VAN KERKLAAN BESIGHEIDSKANTORE, VELDDRIF VIR MUNISIPALE GEBRUIK**
**7/1/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n in-beginsel besluit neem om die perseel te huur vir 'n aanvanklike termyn van 3 jaar (onderhewig aan die uitkoms van 'n SCM proses) en so spoedig moontlik begin met 'n Artikel 33 proses in terme van die MFMA om die perseel te huur vir 'n maksimum tydperk van 9 jaar en 11 maande;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel aan die Raad dat die Munisipaliteit instaan vir die huur namens Bergrivier Toerisme Organisasie vir die eerste 24 maande en dit daarna van BTO se toekenning afgetrek word;
3. Dat die perseel gebruik word om die Bergrivier Toerisme Organisasie te huisves vanaf September 2024 of so spoedig moontlik nadat alle wetlike prosesse en transaksies afgehandel en die perseel ingerig is;
4. Dat die huidige BTO Kantoor by die Velddrif Administratiewe Kantoor her-ingerig word deur Tegniese Dienste om soveel as moontlik kantoorspasie te genereer vir gebruik van Bergrivier Munisipaliteit so spoedig moontlik nadat BTO die perseel verlaat het; en
5. Dat Direksie die dringendste behoeftes aan kantoorspasie in Velddrif assesseer en die toekenning van die nuut-ingerigte kantore daarvolgens toeken.

***

**BKN049/08/2024**
**UTILISATION OF YOUTH CENTRE BY WEST COAST COLLEGE AND COMMUNITY COLLEGE**
**17/4/7**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die bestuur en beheer van die Jeugsentrum by die Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Vrydag 30 Augustus 2024, bespreek word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee and Council approve establishment of a campus of the West Coast College and Western Cape Community Education and Training College at the Youth Centre in Piketberg; and
2. That the mandate to sign the MOU's on behalf of Council be given to the Municipal Manager.

***

**BKN050/08/2024**
**OPGRADERING VAN ROOIBAAI JETTIES**
**17/13/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Tegniese Dienste en Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur gee kortliks terugvoer rakende die proses wat gevolg is van Rooibaai Jetties.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Direkteur Tegniese Dienste meld dat 'n item by die Tegniese Dienste Komiteevergadering voorgelê gaan word rakende die ondersoek wat gedoen is asook die beraamde finansiële implikasies daarvan.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste oorweging skenk aan alternatiewe opsies vir bespreking, waarna die Direkteur Tegniese Dienste versoek dat 'n bespreking gefasiliteer moet word by die gespreksessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 September 2024.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN051/08/2024**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JULY 2024**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for July 2024.

***

**BKN052/08/2024**
**SOUTHERN AFRICAN MUSIC RIGHTS ORGANISATION (SAMRO) / BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**14/1/4/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee takes note of the engagements with SAMRO, and the resolution taken by the Director's Forum; and
2. That the Executive Mayoral Committee supports the position taken by the Director's Forum to the effect that no agreement be entered into with SAMRO, and that no payment be made in respect of a "blanket license".

***

**BKN053/08/2024**
**ADJUSTMENT OF MIG DPIP WHILE AWAITING APPROVAL OF ROLLOVER OF MIG FUNDING FOR THE 2023-2024 FINANCIAL YEAR**
**5/9/3**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n lys voorlê rakende die tegniese verslae van projekte wat reeds ingedien is asook die projekte wat nog ingedien moet word by MIG.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approve the adjustment of the DPIP 2024-2025 to ensure the continuation of the projects on multi-year MIG projects and to enable the payment of Contractors:

| DPIP - MIG Projects | 2024/2025 |
|---|---|
| PB Rehabilitation/Upgrading of WTW (Multi-year) | R6 144 852,53 |
| PB Genset at WWTW (Multi-year) | R1 800 576,41 |
| VD Genset Albatros Sewer P/Station (Multi-year) | R1 353 310,48 |
| VD Genset WWTW (Multi-year) | R1 117 863,75 |
| PV Genset at WWTW (Multi-year) | R2 145 280,86 |
| AUR Solar Assist Water Pump Station (Multi-year) | R424 146,94 |
| RED Solar Assist Water Pump Station and WTW (Multi-year) | R455 750,94 |
| PV Stormwater Ward 2 (Multi-year) | R903 608,06 |
| PB Stormwater Ward 4 (Multi-year) | R1 137 710,03 |
| PMU Admin | R814 900,00 |
| **TOTAL** | R16 298 000,00 |

***

**BKN054/08/2024**
**ERF 1380 (THERONSTRAAT) PORTERVILLE**
**PTV.1380**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Hoof: Siviele Dienste (Porterville) 'n kostebepaling doen van wat Theronstraat gaan kos vir die herstel (teer en plaveisel) daarvan.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. Dat die Raad kennis neem oor die genoemde toedrag van sake rakende die BK besluite asook die inhoud van die voorwaardes uiteengesit deur die Stadsbeplanning afdeling wat nie nagekom is nie; en
2. Dat die Raad kennis neem dat Bergrivier Munisipaliteit 'n gevestigde belang in die straat het en dus goedkeuring verleen om dienste te verrig in die straat.

***

**BKN055/08/2024**
**ELECTRICAL NETWORKS TRANSFORMERS**
**16/2/3/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That provision be made in the Adjustment budget for additional funds on the Capital budget to replace the existing transformer.

***

**BKN056/08/2024**
**PROSEDURE VIR OPRIGTING VAN WENDYHUISE BINNE DIE REGSGEBIED VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item na die gespreksessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 September 2024, verwys word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN057/08/2024**
**STORMWATERDREINERING: PIKETBERG**
**16/3/4**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item na die gespreksessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 September 2024, verwys word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN058/08/2024**
**WATER LEKKASIES: WERKE OP PRIVAATGROND**
**16/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item na die gespreksessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 02 September 2024, verwys word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN059/08/2024**
**FEEDBACK WITH REGARDS TO CONSULTING ENGINEERING FEES AND THE UTILISATION OF CONSULTING ENGINEERS FOR MIG PROJECTS**
**15/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the following:

a) **Appointment of Consulting Engineers:** It is recommended that the municipality appoints consultants to enhance the capacity of municipalities to deliver high-quality infrastructure projects within the scope of the Municipal Infrastructure Grant program. Consultants also allows for the prompt approval of Technical Reports due to capacity/expertise/software and hardware being available;

b) **Budget Allocation:** Adequate budget provisions should be made for the procurement of consulting engineers. This should be factored into the overall project budgets to ensure that we do not encounter financial constraints or relevant risks during project execution; and

c) Consulting engineers plays a vital role in the context of the successful compilation of Technical Reports for funding by MIG. Their expertise, experience, and ability to manage complex projects ensure that infrastructure development meets the required standards and effectively serves the community.

***

**BKN060/08/2024**
**LOCAL AUTHORITY OPINION REGARDING UNAUTHORISED BUILDING WORK IN 49 VOORTREKKER STREET, ERF 1779: PORTERVILLE**
**15/4/2/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the contents of the report.

***

**BKN061/08/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN062/08/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 17:55, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Finansiële Dienste en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 18:04*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***